Hoor Nuut... Ds. Theo Hay

Ons lees in Gen 3: 8 - 9 hoe God met Adam en Eva praat, en ’n gespreksverhouding met hulle wil hê: 8Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy?”

Kan mens God se stem hoor? Hoe hoor mens God se stem in die tyd wat ons vandag leef? Ons het die behoefte om te luister, om te hoor, om te weet wat is wil van God - meer as ooit tevore! Dit is eintlik baie relevant vandag. Vir ons as gelowiges - indien jy in belangrike tye veronderstel is om te wil hoor wat ons leiers oor TV sê - is dit in ’n tyd soos hierdie skielik baie belangrik om te wil hoor:

- Wat sê die Here?
- Wat is sy wil?
- Kan ek hoop dat Hy nog hoegenaamd deel is van my lewe?

Dallas Willard was ’n professor in filosofie, maar ook n teoloog, wat baie gedink het oor dit waarmee ons besig moet wees terwyl ons hier op aarde is. Hy sê God se verbintenis aan my en jou is dat Hy in ’n ‘conversational relationship’ met ons kom staan. Dit is nie ’n once off ding nie, soos ’n spaarwiel as ek die slag in die moeilikheid is nie.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders... ...Want Jesus is Anders...

In ons en God se verhouding met mekaar, word daar verseker deur ons en God gepraat, so ons moet verseker Hom kan hoor, en kan reageer, en Hy luister!

Iemand praat van paradoks of teenstelling as mens na God probeer luister: aan die een kant praat God verseker, aan die ander kant sukkel ons verseker om te hoor wat Hy sê. Dit is waarskynlik omdat God verskillend met verskillende mense praat (dink aan Samuel wat moes leer om God se stem te herken), en omdat mens dikwels net hoor wat jy graag wil hoor.

Waneer God praat, gebeur daar 3 dinge:

- God kom nader sodat ons Hom beter moet hoor.
- God wil ons vriend wees
- God wil ’n gesprek met ons hê, Hy wil dus ook ’n spreekbeurt hê.

Vrae om oor na te dink:

1. Hoe ervaar jy praat God met jou?
2. Wat dink jy sou God nou vir jou wou sê?
3. Hoe kan mens sorg dat God nie net ’n ‘spaarwiel’ is nie?

Uitgedaag…

As mens ’n modderpoel laat staan, sak die modder af en word die water helderder. Wat kan jy doen om God se stem tussen ’n klomp ander stemme helderder te hoor?

Maak tyd om elke dag stil te word en op God se stem te wag.